

Johnny Lingo se agt-koei vrou

Deur James Dobson

Toe ek die Suide van die Stille Oseaan Eilande besoek het, het ek 'n notaboek saamgeneem. Ek het drie weke se verlof tussen projekte in Japan gehad en het toe 'n boot geleen en na Kiniwata geseil. Die notaboek was veronderstel om my te help om 'n junior graadse Maugham of Michener te word. Maar met my terugkeer, was die enigste sin wat my belangstelling geprikkel het, die een wat gestel het, "*Johnny Lingo het agt koeie aan Sarita se pa gegee.*"

Johnny Lingo was nie sy regte naam nie. Maar ek het dit so neergeskryf omdat ek van die agt koeie deur Shenkin, die gesette bestuurder van die gastehuis by Kiniwata, te hore gekom het. Hy was van Chicago en het die gewoonte gehad om die eilanders Amerikaanse name te gee.

Hy was egter nie die enigste een wat van Johnny Lingo gepraat het nie. Sy naam het by baie mense in verskeie betrekkinge opgekom. As ek 'n paar dae op die eiland van Nurabandi wou deurbring, wat 'n dag se vaart ver was, kon Johnny vir my verblyf gee, het hulle gesê, aangesien hy 'n vyf-slaapkamer huis gehad het – ongehoorde luuksheid! As ek wou visvang, sou hy my neem na die plek waar die visse die meeste gebyt het. As ek vars groente wou hê, was sy tuin die groenste. As ek pêrels benodig het, sou sy besigheidsvaardigheid my die beste kopies verskaf het. O, die mense van Kiniwata het met hoë agting van Johnny Lingo gepraat. En tog

wanneer hulle sy naam genoem het, het hulle geglimlag, en *die glimlagte was effens spottend*.

"Kry vir Johnny Lingo om vir jou te kry wat jy nodig het, en laat hom dan die onderhandeling doen," het Shenkin my aangeraai terwyl ek op sy gastehuis se stoep gesit en wonder het of ek Nurabandi moes besoek. "Hy sal sy kommissie vier keer oor verdien. Johnny ken waardes en hoe om 'n ooreenkoms te sluit."

"Johnny Lingo!" die mollige seun op die stoeptrappies roep die naam, gryp sy knieë vas en skud soos hy lag.

"Wat gaan aan?" vra ek. "Almal hier rond vertel my om vir Johnny Lingo te gaan sien en gaan dan aan die lag. Deel julle grappie met my."

"Hulle geniet dit om te lag," sê Shenkin. Hy trek sy swaar skouers op. "En Johnny Lingo is die slimste, die vinnigste, die sterkste jong man in al hierdie groep eilande. Hulle hou dus die meeste daarvan om vir hom te lag."

"Maar as hy is wie jy sê hy is, wat is daar om oor te lag?"

"Net een ding. Vyf maande gelede tydens die herfsfees het Johnny Kiniwata toe gekom en vir hom 'n vrou gekry. *Hy het haar pa met agt koeie betaal!"*

Hy het daardie woorde met groot agting ge-uiter. Ek het genoeg van die eiland se gebruike gewoete om terdeë beïndruk te wees. Twee of drie koeie sou 'n standaard vrou koop; vier of vyf 'n aanvaarbare een.

"Agt koeie!" sê ek. "Sy moet 'n beeldskone vrou wees wat mens asem wegslaan!"

"Die vriendelikste mens kon net sê Sarita is doodgewoon," was Shenkin se antwoord. "Sy was maer. Sy het met haar skouers vooroor geboë geloop en haar kop het gehang. Sy was bang vir haar eie skaduwee."

"Hoe verduidelik jy dan agt koeie?"

"Ons kan nie," het hy gesê. "En dit is waarom die plaaslike volk grinnik wanneer hulle van Johnny praat. Hulle kry 'n spesiale tevredenheid uit die feit dat Johnny, die skerpste handelaar op die eilande, deur Sarita se pa, vaal ou Sam Karoo, ingedoen is."

"Agt koeie," het ek met ongeloof gesê. "Ek sal graag vir hierdie Johnny Lingo wil ontmoet."

Die volgende middag het ek per boot na Nurabandi gevaar en vir Johnny by sy huis ontmoet, waar ek hom uitgevra het oor sy agt-koei kopie van Sarita. Ek het aangeneem dat hy dit ter wille van sy eie ydelheid en reputasie gedoen het – totdat Sarita die vertrek ingestap het. *Sy was die pragtigste vrou wat ek nog ooit gesien het.* Die postuur van haar skouers, die lig van haar ken, die vonkel in haar oë het 'n trots uitgespel waarvan niemand haar die reg kon ontnem nie.

Ek het na Johnny Lingo gedraai nadat sy uitgestap het.

"Jy bewonder haar?" het hy gevra.

"Sy ... sy is beeldskoon," het ek gesê. "Maar sy is nie die Sarita van Kiniwata nie."

"Daar is net een Sarita. Miskien lyk sy nie meer dieselfde as hoe sy in Kiniwata gelyk het nie."

“Sy doen nie.” Die impak van die vrou se verskyning het my van alle takt ontnem. “Ek het gehoor dat sy baie gewoon was. Hulle almal maak ’n bespotting van jou omdat jy deur Sam Karoo bedrieg is.”

“Dink jy agt koeie was te veel?” ’n Glimlag het oor sy lippe gevorm.

“Nee, maar hoe kan sy nou so anders wees?”

“Het jy al ooit gedink,” het hy gevra, *“hoe dit vir ’n vrou moet voel om te weet dat haar man op die laagste prys waarvoor sy gekoop kon word, ingestem het?* En dan wanneer die vroue later onder mekaar roem waarvoor hul mans hulle gekoop het. Een sê vier koeie; ’n ander sê miskien ses. Hoe voel sy, die vrou wat net vir een of twee verkoop is? Dit kon nie met my Sarita gebeur nie.”

“So jy het dit gedoen net om haar gelukkig te maak?” het ek gevra.

“Ek wou vir Sarita gelukkig maak, ja. Maar ek wou meer as dit hê. Jy sê dat sy anders is. Dit is waar. Daar is baie dinge wat ’n vrou kan verander. Dinge gebeur aan die binnekant; dinge gebeur uiterlik. *Maar dit wat die meeste saak maak, is wat sy van haarself dink.* In Kiniwata het Sarita geglo sy het geen waarde nie. *Nou weet sy dat sy meer werd is as enige ander vrou in die eilande.*”

“Jy wou dan ...”

“Ek wou met Sarita trou. Ek het haar en geen ander vrou liefgehad nie.”

“Maar ...”

“Maar,” het hy saggies geantwoord, “*Ek wou 'n agt-koei vrou gehad het.*”

Iemand het gesê, “Ons is nie wat ons dink ons is nie. Ons is nie eers wat ander dink ons is nie. *Ons is wat ons dink ander dink ons is.*” Met ander woorde, ons skatting van ons waarde as mense *word grootliks beïnvloed deur hoe mense teenoor ons optree en die respek of minagting wat hulle daaglik openbaar.* Daardie wisselwerking vorm ons *self-konsepte* en word in die skakerings van ons persoonlikhede vertolk.

Johnny Lingo was voorwaar 'n briljante man. Hy was skerpsinnig genoeg om te weet dat sy onderhandelinge met Sarita se pa *vir ewig die self-konsep van die vrou vir wie hy liefgehad het, sou verseël.* Dit is waarom Sarita soveel selfvertroue en skoonheid kon openbaar. Laat my toe om vir die manne en vroue wat hierdie boek lees, te sê: *Julle het die mag om mekaar se selfbeeld te verhoog of te verneder.* In plaas daarvan om dit af te breek, *moenie 'n enkele geleentheid misloop om dit op te bou nie.*

James Dobson